

Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense 3

> *Toe ons dit nie langer kon uithou nie, het ons besluit om alleen in Atene agter te bly. (1 Thes 3:1)*

Paulus was bekommerd oor die jong gemeente in Tessalonika, wat hy na net ’n paar weke moes los (sien die dagstukkie by 28

November). Self kon hy nie teruggaan nie, want die teenkanting van die Jode was te erg. Daarom het hy in Atene gebly en Timoteus teruggestuur om die nuwe gelowiges te help (vers 2-5). Die goeie nuus wat Timoteus uit Tessalonika teruggebring het, het Paulus opgebeur (vers 7) te midde van sy teleurstellende besoek aan Atene (Hand 17).
Geloofshelde het ook kommer en beleef tye van neerslagtigheid, soos Paulus hier erken. Dit het meermale met hom gebeur (2 Kor 1:4; Hand 18:9 en 28:16). Dis nie ’n teken van swak geloof wanneer dit gebeur nie. Jy kan dit nie eintlik verhelp nie. Dis egter belangrik wat jy doen as jy in ’n put is. Om jouself te verknies, help niks. Ons sien uit Paulus se lewe dat hy in sy donker tye na ander uitgereik het, soos met sy kommer oor Tessalonika; of dat hy met God daaroor geworstel het (2 Kor 12:8).
Só kan jy ook tot rus kom (Ps 62:2).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026